# Welkom by NG The Reeds

**‘n Veilige hawe vir nuwe hoop**

## Tema vanoggend:

Hoe onderskei jy vandag wat reg is?



Soos die môreson sal Hy opgaan,
en uit die hoogte op ons afstraal,
om lig te bring aan dié wat in duisternis
en in die skaduwee van die dood lewe,
om ons voetstappe te rig op die pad
van vrede."



Aan almal in The Reeds wat
deur Christus Jesus aan God behoort:
Genade en vrede vir julle van God
ons Vader en die Here Jesus Christus!



# Lied 203: 1

Loof die Here, al wat lewe,

wil Hom dank en hulde bring

Hy het al ons skuld vergewe;

ons 'n nuwe lied laat sing.

© Anna Moritz

# L 203:1 (vervolg)

Loof Hom, prys Hom!

Loof en prys Hom!

Loof die Vader,

God en Heer!

© Anna Moritz

## L 203:2

Loof Hom wat in groot genade
ons deur eeue heen behou;
loof Hom vir sy reddingsdade -
- vas kan ons op Hom vertrou.
Loof Hom, prys Hom!
Loof en prys Hom!
Hy's genadig en getrou.

© Anna Moritz

# L 203:3

Soos 'n vader sorg vir kinders,

sorg die Heer vir wie Hom vrees.

Hy vergewe hul oortredings

en berei 'n vreugdefees.

Loof Hom, prys Hom!

Loof en prys Hom!

Laat ons Hom

gehoorsaam wees!

© Anna Moritz

# Gebed



# Filippense 1:3-11



3. Ek dank my God elke keer as ek **aan julle dink**. 4. In al my gebede **bid** ek altyd met blydskap vir julle almal, 5. omdat julle van die eerste dag af tot nou toe saamgewerk het aan die verkondiging van die evangelie. 6. Ek is veral ook daarvan oortuig dat God, wat die goeie werk in julle begin het, dit end-uit sal voer en dit sal voleindig op die dag wanneer Christus Jesus kom.

7. Dit is ook heeltemal reg dat ek so **oor julle almal dink**, omdat julle my na aan die hart lê. Julle deel immers almal saam met my in die genade wat God my gee, sowel in my gevangenskap as in my verdediging van die evangelie en die bevestiging van die waarheid daarvan. 8. God is my getuie, Hy weet hoe ek na julle almal verlang met die liefde van Christus Jesus in my hart.

9 Ook **bid** ek dat julle liefde al hoe meer sal toeneem in begrip en fyn aanvoeling, 10. **sodat** julle die dinge sal kan onderskei waarop dit werklik aankom *(wat saak maak)*. Dan sal julle op die dag wanneer Christus kom, onberispelik en sonder blaam wees, 11. en deur Jesus Christus sal julle geheel en al in die regte verhouding met God wees, tot sy lof en eer.



# Padwerke

Die pad is onder konstruksie



# Ons lewens is ook onder konstruksie

## Gebed vir rekonstruksie



# Ons lewens is ook onder konstruksie

## Hoekom?
## Wat is die doel daarvan?

# Gebed vir die Filippense

Vers 3-6 – <u>Danksegging</u> vir hulle steun & groei

Vers 7-8 – <u>Danksegging</u> vir hulle *koinonia*

Vers 9-11 – <u>Voorbidding</u> vir lesers



# Danksegging



# Danksegging

# Voorbidding

Dat ons **liefde** sal toeneem

Hoe kan dit meer word?



# Voorbidding

Dat ons **liefde** sal toeneem in begrip


Voorbidding
Dat ons liefde sal toeneem in begrip en fyn aanvoeling



# Voorbidding

Dat ons **liefde sal toeneem** in begrip en fyn aanvoeling

# oorbidding



Dat ons liefde sal toeneem in begrip
en fyn aanvoeling, sodat julle kan onderskei



# Padwerke

Die pad is onder konstruksie


Ons lewens is ook onder konstruksie
Gebed vir rekonstruksie

# Hoe onderskei jy vandag wat reg is?





# Lied 530: 1

Praat ek mense-, eng'letale,

maar dis nie uit liefde nie,

is my woorde hol simbole -

- klanke sonder melodie.

© Anna Moritz

# L 530:1 (vervolg)

Al kan ek geheime uitlê,

berge deur geloof versit,

of al het ek al die kennis -

- sonder liefde is ek niks.

© Anna Moritz

# L 530:2

Sonder liefde sal my gawes,
al my ywer, my nie baat:
Net die liefde, onbaatsugtig,
bly oorwin met goed die kwaad.
Onreg kan dit nie verdra nie,
dit is met die waarheid bly.
Deur vergifnis, hoop, verwagting,
kom die beste in ons vry.

© Anna Moritz

# L 530:3

Al die tale, profesieë,
met die tyd gaan dit verby.
Net die liefde, die volmaakte,
kom en sal vir altyd bly.
Want geloof gee troos en rigting;
na die toekoms reik die hoop -
liefde is en bly die grootste:
Liefde sluit die lewe oop.

© Anna Moritz

# Hoe onderskei jy vandag wat reg is?

